


# Still lets spirits soar with profound message

**As if taking off over the clouds in early autumn, this Impala Mk 1 spreads it wings in the Memorable Order of Tin Hats' (Moth) Garden of Remembrance in Kimberley. The aircraft was presented by the South African Air Force in recognition of the contribution made by Kimberley to aviation. The country's first flying school opened in Kimberley in 1913, and the first woman in South Africa to train as a pilot, Maria Bocciarelli, also attended this school.** PHOTO: HELENA BARNARD

**Hoofartikel**

# Brousel raak te aardig om te sluk

**"Too often consumers are left at a disadvantage with the companies and governments they encounter, leaving them exposed to unsafe, unfair or unethical practice.**

"We want to change this and ensure that the voice of consumers is as powerful as the governments and corporations they interact with.

"We are challenging unfair, unsafe and unethical practice to ensure all consumers are treated safely, fairly and honestly."

Hierdie filantropiese woorde verskyn op die webwerf gov.za waar die Suid-Afrikaanse regering sy sê oor Wêreldverbruikersdag sê. Dié dag het Woensdag (15/03) plaasgevind.

In die lig van die staking van die vakbond Nehawu en die dreigende haelwolk van die EFF se nasionale betoging Maandag (20/03), is die "viering" en die filosofie agter Wêreldverbruikersdag ietwat sardonies.

Weens die Nehawu-staking is staatspasiënte deur sommige hospitale en klinieke oor die land heen onveilig, onregverdig en oneties hanteer.

Daar is selfs berigte van pasiënte wat dood is omdat hulle nie gesondheidsorg tydens die staking ontvang het nie. In landelike gebiede moet mense wat mediese hulp benodig en wat ver gereis het, voor betogende massas omdraai.

By dit alles bestaan kommer oor dreigemente van geweld, plundery, intimidasie en ontwrigting wat moontlik Maandag kan plaasvind.

Ongeag die dryfvere agter die proteste, en die feit dat elkeen 'n saak het om te stel, regverdig dit nie die ontwrigting, vandalisme en indoen van ander wat daarmee saamgaan nie.

Nog minder regverdig dit die toestande waaraan burgerlikes blootgestel word, en dit skep allermins 'n milieu waarin burgerlikes in 'n sogenaamde demokratiese land kan gedy.

Voeg by hierdie kokende pot die gedagte dat Menseregtedag Dinsdag (21/03) "gevier" word, raak die borrelende brousel te aardig om te sluk.

**Juweeltjie**

## slaap

Vrydag 17 Maart is Wêreldslaapdag. Die woord "slaap" word in verskeie uitdrukkings gebruik:

- Ek sal daaroor slaap: Ek sal daaroor nadink.
- Jy kan maar gaan slaap: Jy gaan nie slaag nie.
- Moenie slapende honde wakker maak nie: Laat onaangeroer wat onaangename gevolge kan hê.

– **Bron: pharosonline.co.za**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

**Twyfelhoekie**

# Agter die wiel van jou eie situasie

HANNES NOËTH

**Natuurlik is dit noodsaaklik dat ons almal verantwoordelik omgaan met bestuur en op die pad wees, en dat ons verantwoordelike bestuurders sal wees.**

Dit is goed en reg so.

Ons almal is bewus van die gespot en geskerts oor wie beter bestuur – die man of die vrou.

En daar is baie grappe onder ons oor hoe mans bestuur en hoe vroue bestuur.

En dan weer jongmense en oumense.

So kan ons mekaar positief besig hou.

Verantwoordelikheid is altyd voorop.

Ons ken die bekende, wesenlik belangrike, reël: Moenie drink en bestuur nie. Dit is dodelik.

Dit het al soveel seer veroorsaak, en sal ook nog baie.

Wanneer mense kuier, moedig ons hulle ook aan om nie te bestuur nie.

Ter wille van jouself.

Ter wille van ander.

Tog is daar so 'n bietjie van 'n ander kant ook aan hierdie saak. Iets wat ons begin vergeet het – dit is eer en integriteit wat jy moet hê om nie in 'n situasie te wees waar jy iemand seermaak of te na kom as jy nie self kan bestuur nie.

Ek het al seer by 'n kind gesien wat sy ouer moes huis toe neem.

Of 'n vrou haar man.

Of 'n werkgewer 'n werknemer.

Of 'n klaas sy baas.

Of vriende mekaar.

Ja, dit is die beste en die verantwoordelike ding om te doen.

Maar daar is ook iets leliks daaraan.

Hoekom het jy iemand nodig wat jou moet huis toe neem?

Dink daaroor.

Sou jy armer wees, of ryker, as jy dit self kon doen?

**Potpourri**

# Doen ook ná bid

KARIN MULLER

**"Bid en beweeg," het die man gesê.**

Sy verduideliking van hierdie stelling het vir my sin gemaak.

Mense wil graag in 'n beter situasie wees, maar wil nie altyd 'n poging aanwend om 'n beter situasie te bewerkstellig nie.

Baie mense wil graag gewig verloor, maar doen geen fisieke aktiwiteite nie en eet ongesond. Hulle bid dat hulle gewig sal verloor, maar probeer nie beter leef nie.

Baie mense wil graag werk, maar wend nie 'n poging aan om hul akademiese kwalifikasie te verbeter of ondervinding op te doen nie. Hulle bid vir werk, maar soek nie werk nie.

Baie mense bid dat hulle 'n vraestel sal deurkom, terwyl hulle nie genoeg voorbereiding daarvoor gedoen het nie.

Jy moet bid. Jy moet ook beweeg. Deel van die verantwoordelikheid berus by jou.

Jy kan nie heen-en-weer oor 'n besige snelweg stap en bid dat jy nie iets oorkom nie. Jy moet iewers verantwoordelikheid neem.

Om te bid is die maklike deel. Om te beweeg is die moeiliker deel.

Nie noodwendig moeilik of onmoontlik nie. Net moeiliker as om te bid.

Dit verg inspanning. Die meeste mense hou nie van inspanning nie. Hulle verwag dat dinge vir hulle op 'n skinkbord aangebied word of in hul skoot val. Sonder enige inspanning van hul kant af.

Dat jy bid en beweeg, is nie 'n gegewe dat jy iets sal ontvang of daarin sukses sal behaal nie; maar dit is beslis 'n goeie begin.

Bid en beweeg.

**Kameeldoring**

# Oproep blus vreugde

CHARNÉ KEMP

**"It is a wise thing to be polite; consequently, it is a stupid thing to be rude. To make enemies by unnecessary and willful incivility, is just as insane a proceeding as to set your house on fire. For politeness is like a counter – an avowedly false coin, with which it is foolish to be stingy." – Arthur Schopenhauer, *The Wisdom of Life and Counsels and Maxims***

'n Mens weet jy moet dit laat gaan en daarvan vergeet, maar 'n ongeskikte mens kan jou dag erg bederf.

Dit is vroegoggend. Die vloere is gestofsuig en gewas, werk is aan kliënte gelewer, papierwerk word op datum gehou. Dit is 'n vlytige, vriendelike dag.

Tot daardie oproep, kort voor 09:00, wat die lus blus.

Soos 'n nat kombers op 'n gesellige vleisbraaivuurtjie.

Die persoon sou oor sy veldtog teen swak dienslewering gepraat het. Iemand wat immers opstaan en skop teen die alomteenwoordige lusteloosheid onder burgers, 'n onvermoë om te bly veg. So 'n man verdien mos 'n Bells?

Skielik stel hy nie belang nie.

Koue, afgemete woorde en die klik van die telefoon in die oor.

'n Demper soos min, 'n sug diep uit die siel.

Hoekom? Is hy geïntimideer, die leviete voorgelees, gedreig of omgekoop? Indien wel, wat sal dit kos om die oproep op 'n vriendelike woord te beëindig? Hoekom moet jy ongeskik wees?

Of is dit die teleurstelling in homself, dat hy voor die bose mag van politiekery geswig het, en net weer 'n kriewelende wurm onder die Gucci-skoene van sy kastige leiers geword het?

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**



Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 083-543-2471 of 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

**PERSRAAD**

Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.